Valentynsdagete

Al die onderwysers is uitgenooi na ‘n lekker Valentynsete wat die leierouers aangebied het. Hulle het dit baie mooi versier en baie moeite gedoen. Almal het lekker geëet en saam gekuier!!! Ons leierouers het net ‘n paar gevleulde woorde gespreek! Omdat dit in ‘n pouse was kon die kinders heerlik rondspeel en die onderwysers rustig eet!!

Mediasentrum kry weer toekenning!

Laerskool Bakenkop se mediasentrum is onlangs by ‘n spoggeleentheid van die Gautengse Onderwysdepartement aangewys as die wenner van die “School Library Awards 2008”. Die ander laerskool, wat ook as wenner aangewys is, is dié van Glenstantia Primary School. Bakenkop het dieselfde toekenning ook in 2006 ontvang.

Volgens Juf. Tina de Villiers, media-onderwyser, is die mediasentrum ‘n prioriteit by die skool en daarmee saam kry lees en inligtingvaardighede heelwat aandag. Hierdie jaar het die bekende kinderboekskrywer, Jaco Jacobs, die skool besoek op Wêreldboekedag en die leerders se reaksie was oorweldigend. (Lees meer oor Jaco Jacobs se besoek op bladsy 7).



Die mediasentrum by die skool funksioneer saam met die rekenaarsentrum met Juf. Marianne Kleynhans as hoof, as ‘n inligtingsentrum wat elke dag druk besoek word deur die leerders en onderwysers. Behalwe vir die inligtingvaardigheidsperiodes het elke graad in die skool elke week ‘n spesiale leesperiode.

Ja, LEES is belangrik vir ons Bakies, dit maak ons slim en dit is LEKKER!

Inkleurtyd!